



ENGLISH TEXT BELOW

HSAG NUUSFLITS AUGUSTUS 2026.5

3 SEPTEMBER MOET BESKERM WORD: NUWE AANSOEK OP DIE VOORAAND VAN DIE KEERDATUM

Geagte HSAG-lid

Na jare van litigasie en herhaalde vertragings, en nadat voorlopige likwidasiëbevele reeds op 7 Mei 2026 teen Zephan en Orthotouch toegestaan is, is 3 September 2026 'n belangrike keerdatum waarop die likwidasies weer voor die Hof dien.

Nou, minder as sewe hofdae voor dié datum, het die PLG-, RT- en IE Affected Creditors Groups 'n nuwe aansoek in Bloemfontein gebring om die keerdatus van beide voorlopige likwidasiëbevele verder uit te stel.

Belangrik: daar word nie bloot vir 'n kort uitstel tot 'n bepaalde datum gevra nie. Die aangevraagde bevel sal die keerdatus verleng tot 'n datum wat eers later met die Griffier van die Hooggeregshof gereël moet word.

Dit is waarom hierdie ontwikkeling ernstig opgeneem moet word.

WAAROM IS DIE KEERDATUM BELANGRIK?

Die voorlopige likwidasiëbevele is op 7 Mei 2026 toegestaan. Die aanvanklike keerdatum van 18 Junie is daarna uitgestel nadat die nuut aangestelde Besigheidsreddingspraktisyns aangedui het dat hulle finale likwidasië opponeer.

Die huidige hofdatum is dus nie nuut of onverwags nie. Dit staan reeds geruime tyd vas.

Na die lang geskiedenis van hierdie aangeleentheid behoort 'n bestaande hofdatum nie ligtelik prysgegee te word vir 'n verdere proses waarvan die duur en uiteinde tans onbekend is nie.

WAT WIL DIE NUWE AANSOEK BEREIK?

Die groepe voer afsonderlike verrigtinge in Pretoria, hoofsaaklik teen Zephane. Hulle wil daardie saak na Bloemfontein laat oordra en daarna moontlik met die bestaande likwidasiEVERRRIGTINGE konsolideer.

Indien die keerdatus uitgestel word, moet die Pretoria-oordragaansoek eers aangehoor en beslis word. Indien dit slaag, moet die saak na Bloemfontein oorgedra word, waarna 'n verdere konsolidasie-aansoek beoog word. Eers daarna kan die voorgestelde gekonsolideerde verrigtinge moontlik ter rolle geplaas word.

Nie een van hierdie verdere stappe is tans verseker nie. Die oordragaansoek word teengestaan, konsolidasie is nog nie toegestaan nie en daar bestaan geen vasgestelde datum waarop die bestaande likwidasie-aansoeke uiteindelik beslis sal word nie. Daar bestaan ook 'n werklike moontlikheid dat die insluiting van die veel breër Pretoria-verrigtinge die bestaande likwidasies eerder kan kompliseer en vertraag as om dit te bespoedig.

ERNSTIGE BEWERINGS

Die funderende eedsverklaring bevat ernstige aantygings rakende onder meer die besigheidsreddingsproses, Maleficent 27, finansiële boeke en rekords, kommersiële eiendomme, die saamvoeg van sekere skuldeisers en eise, en die beweerde onvermoë om ongeveer R4,3 miljard behoorlik na te spoor.

Hierdie is ernstige aangeleenthede wat behoorlik ondersoek behoort te word. Die vraag is egter of die erns daarvan 'n rede is om finale likwidasie verder uit te stel, of juis waarom 'n onafhanklike likwidasieproses sonder verdere vermybare vertraging behoort voort te gaan.

Indien aansienlike bedrae geld ondersoek moet word, boeke en rekords ontbreek of transaksies en eise verdere ondersoek verg, is dit juis aangeleenthede wat binne die statutêre likwidasieproses deur onafhanklike likwidateurs ondersoek kan word.

Verdere vertraging kan selfs sodanige ondersoeke bemoeilik namate dokumente moeiliker opgespoor kan word, kennis verlore gaan en moontlike verhalings met verloop van tyd moeiliker word.

ORTHOTOUCH

Daar is ook 'n belangrike onderskeid tussen Zephan en Orthotouch.

Volgens die applikante se eie stukke beweer hulle nie dat hulle skuldeisers van Orthotouch is nie en is die Pretoria-verrigtinge hoofsaaklik teen Zephan gerig.

Nietemin word nou gevra dat die voorlopige likwidasiebevel teen Orthotouch óók uitgestel word.

Die vraag ontstaan dus waarom Orthotouch se bestaande likwidasieproses noodwendig vertraag moet word terwyl die afsonderlike Pretoria-verrigtinge hul verloop neem.

DIE HSAG SE STANDPUNT

Die HSAG beskou ander Highveld-beleggers nie as teenstanders bloot omdat hulle 'n ander regsproses volg nie. Hulle het ook verliese gely en is geregtig om hul saak aan die Hof voor te lê.

Maar die HSAG het 'n verantwoordelikheid teenoor sy lede en kan nie die gevolge van verdere vertraging ignoreer nie.

Na jare van litigasie is die huidige keerdatum 'n belangrike geleentheid om die proses verder na finaliteit te neem.

Die HSAG se uitgangspunt is daarom duidelik:

Die keerdatum moet beskerm word, tensy daar goeie en regtens voldoende redes bestaan waarom verdere vertraging werklik in die belang van die algemene skuldeiserskorps is.

WAT GEBEUR NOU?

Die bestaande keerdatum bly 3 September 2026.

Die nuwe aansoek het dit nie gekanselleer nie. Die voorlopige likwidasiebevele bestaan steeds en geen verdere uitstel is reeds toegestaan nie.

Die HSAG-bestuur en regsman bestudeer die nuwe aansoek dringend en sal bepaal watter standpunt voor die Hof ingeneem moet word. Uiteindelik sal die Hof besluit.

Na al die jare bly die doel egter dieselfde:

Finaliteit moet bereik word.

Onnodige vertraging moet vermy word.

Die keerdatum is belangrik - en moet beskerm word.

HSAG NUUSFLITS AUGUSTUS 2026.6

TENSY IEMAND IETS DOEN, SAL ALLES DIESELFDE BLY

Geagte HSAG-lid

31 AUGUSTUS 2026 – DIE VOLGENDE AD HOC AFSNYDATUM

INLEIDING

Die HSAG se pad was tot dusver allesbehalwe eenvoudig. Dit was besaai met regs- en prosedurele struikelblokke wat telkens in ons pad geplaas is en die proses vertraag, bemoeilik of bedreig het.

Die jongste aansoek deur 'n ander groep beleggers om die bestaande likwidasierigtinge verder uit te stel, is 'n goeie voorbeeld van die soort onverwagse regs- en prosedurele ontwikkeling waarop die HSAG telkens dringend moet reageer. Soos in ons vorige Nuusflits verduidelik, verg hierdie nuwe proses onmiddellike aandag van die regspan en bring dit noodwendig verdere, aansienlike werk en regskoste mee. Dit illustreer waarom die HSAG deurlopend oor voldoende ondersteuning en hulpbronne moet beskik om, wanneer nuwe verwikkelinge ontstaan, die belange van sy lede behoorlik te kan beskerm.

Elke keer wanneer so 'n nuwe struikelblok ontstaan, moet daar opgetree word. Ons kan dit nie ignoreer en hoop dat dit vanself verdwyn nie. Tensy ons proaktief optree, bestaan die gevaar dat ons saak vertraag, verswak of uiteindelik tot niet kan gaan.

Dit is waarom die samewerking en ondersteuning van ons lede so belangrik bly.

Die volgende ad hoc afsnydatum van 31 Augustus 2026 is daarom 'n tweesnydende swaard. Aan die een kant moet ons bepaal wie werklik bereid is om die pad vorentoe saam te stap. Aan die ander kant beteken 'n kleiner ondersteuningsbasis dat die las swaarder rus op die getroue lede wat die proses bly dra.

Hoe groter die groep wat saamstaan, hoe breër kan die las versprei word.

Dringende besluite oor die volgende fase moet nou geneem word.

TENSY...

'n Dagstukkies wat onlangs onder ons aandag gekom het, verwys na die bekende boodskap uit Dr. Seuss se *The Lorax*. Nadat byna alles verlore gegaan het, bly een belangrike woord oor:

“UNLESS.”

Die boodskap is eenvoudig: niks verander vanself nie.

Dit beskryf ook die HSAG se ervaring. Regte op papier beteken weinig indien niemand bereid is om dit af te dwing nie. Wanneer 'n nuwe aansoek gebring word, 'n hofdatum bedreig word of verdere regsprosesse ontstaan, moet iemand reageer.

Tensy iemand iets doen, bly die bestaande posisie eenvoudig voortbestaan.

KAN ONS SUKSES WAARBORG?

Natuurlik nie.

Geen verantwoordelike regspan kan die uitslag van ingewikkelde litigasie waarborg nie. Die uiteindelijke beslissing berus by die Hof en regsprosesse kan onverwagse draaie neem.

Maar daar is 'n belangrike verskil tussen:

“Kan julle waarborg dat ons suksesvol sal wees?”

en:

“Wat gebeur indien niemand iets doen nie?”

Op die tweede vraag is die antwoord eenvoudiger: sonder optrede verander baie min.

Hoop is belangrik, maar hoop alleen stel nie hofaansoeke op, ondersoek dokumente, voer regsargumente of dra die koste van ingewikkelde litigasie nie.

Hoop moet deur optrede ondersteun word.

31 AUGUSTUS: DIE TWESNYDENDE SWAARD

Die afsnydatum is nodig omdat die Bestuur moet weet wie steeds deel van die groep is wat die volgende fase wil aanpak.

Indien die ondersteuningsbasis kleiner word, verdwyn die werk en koste egter nie daarmee saam nie. Inteendeel, onverwagse nuwe prosesse — soos die huidige aansoek om verdere uitstel — kan binne 'n baie kort tyd aansienlike addisionele werk en regskoste veroorsaak.

Daardie koste moet steeds gedra word.

Hoe kleiner die groep wat die proses ondersteun, hoe groter word die relatiewe las op die lede wat oorbly. Die teenoorgestelde is ewe belangrik: hoe groter die groep wat saamstaan en sy billike deel bydra, hoe breër kan die las versprei word.

Dit is waarom elke lid se deelname saak maak.

WAT MOET LEDE NOU DOEN?

Ná die afsnydatum moet die Bestuur 'n duidelike beeld hê, nie alleen van die aantal lede wat die proses wil voortsit nie, maar ook van die samestelling en beleggingsprofiel van die deelnemende groep. Dit is nodig om die praktiese en ekonomiese oorwegings wat voortgesette deelname beïnvloed, die hulpbronne wat waarskynlik beskikbaar sal wees en die toekomstige verpligtinge wat verantwoordelik aangegaan kan word, behoorlik te beoordeel.

Ons besef dat lede se omstandighede verskil. Waar daar 'n probleem of onsekerheid bestaan, is kommunikasie daarom belangrik.

Indien u deel van die HSAG wil bly, maak seker dat u status voor 31 Augustus duidelik is.

Indien u onseker is oor u rekening, kontak die kantoor. Indien u agterstallig is en u posisie wil regstel, doen dit betyds.

SLOTGEDAGTE

Die HSAG kan nie bepaal watter nuwe struikelblok môre in sy pad geplaas kan word nie. Ons kan ook nie die uitslag van litigasie waarborg nie.

Maar ons kan bepaal hoe ons reageer.

Dit is wat die HSAG nog altyd probeer doen het: nie bloot wag en hoop dat iemand anders die probleem oplos nie, maar proaktief die beskikbare regsmiddele gebruik om die saak te beskerm en antwoorde, aanspreeklikheid en uiteindelik finaliteit na te streef.

Nou moet elkeen besluit of hy of sy die volgende deel van die pad saam wil stap.

Tensy ons iets doen, sal niks verander nie.

Ons sterkte lê steeds in ons eenheid.

BELANGRIK: GEBRUIK VAN DIE KORREKTE REKENINGNOMMERS EN VERWYSINGS

Rekwisities moet deur lede in die korrekte rekeninge betaal word, met die korrekte verwysingsnommer duidelik aangedui. Die tyd, moeite en administrasie wat dit die HSAG se regspan kos om foutiewe betalings op te spoor en reg te stel, verhoog die koste van die HSAG-saak onnodig.

Rekeningnommers en verwysings word op elke staat aangedui. Ons versoek lede daarom om hul state noukeurig na te gaan wanneer betalings gemaak word.

BELANGRIK: GEBRUIK VAN DIE KORREKTE E-POSADRESSE

Die korrekte gebruik van e-posadresse, soos uiteengesit op ons webwerf en in ons korrespondensie, asook die vermelding van HSAG-lede se voorletters en vanne, sindikasierommers en toepaslike verwysingsnommers, soos identiteitsnommers, is vir alle kommunikasie noodsaaklik.

Versuim om die korrekte besonderhede te gebruik, kan tot onnodige vertraging lei en kan veroorsaak dat 'n navraag nie betyds of behoorlik hanteer word nie.

Die amptelike en huidige e-posadres vir die HSAG is:

- hsactiongroup@gmail.com - vir alle algemene navrae, byvoorbeeld verandering van kontakbesonderhede, bewys van betalings, afsterwe van 'n lid, betalings wat verkeerdlik aan die HSAG gemaak is en verkeerde verwysings;
- hsagenquiries@gmail.com - vir spesifieke navrae, byvoorbeeld versoeke om inligting of state rakende 'n spesifieke lid, asook vrystellingsnavrae;
- hsagregister@gmail.com - vir registrasie en deregistrasie van HSAG-lede;
- hsagwhistle@gmail.com - vir alle vertroulike inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word; en
- hsagestates@gmail.com - vir alle boedelverwante navrae.

Die amptelike en huidige e-posadres vir CCAF, die HS21- en HS22-gesertifiseerde klasaksie, is:

- accounts@ccaf.co.za - vir bewys van betalings en verkeerde verwysings op bewys van betalings;
- admin@ccaf.co.za - vir die amptelike versoekvorm om registrasiefooie oor ses maande te betaal en vir betalings wat verkeerdlik aan CCAF gemaak is; en
- enquiries@ccaf.co.za - vir alle ander CCAF-vrae en navrae.

Indien 'n belegger of enige ander persoon 'n e-pos na die verkeerde adres stuur, kan dit daartoe lei dat die e-pos nie die nodige of spoedige aandag ontvang nie.

Indien u nie verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons asseblief skriftelik daarvan in kennis.

BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

Die algemene en herhalende terme, voorwaardes en ander algemene inligting wat voorheen in die Nuusbrief vervat is, is beskikbaar op die HSAG se webwerf by www.hsaction.co.za.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com

AFRIKAANS HIERBO**HSAG NEWSFLASH AUGUST 2026.5****3 SEPTEMBER MUST BE PROTECTED: NEW APPLICATION ON THE EVE OF THE RETURN DATE**

Dear HSAG Member

After years of litigation and repeated delays, and with provisional liquidation orders already having been granted against Zephan and Orthotouch on 7 May 2026, 3 September 2026 is an important return date on which the liquidations again come before the Court.

Now, less than seven court days before that date, the PLG, RT and IE Affected Creditors Groups have launched a new application in Bloemfontein seeking a further extension of the return dates of both provisional liquidation orders.

Importantly, they do not merely seek a short postponement to a specified date. The order sought would extend the return dates to a date still to be arranged with the Registrar.

That is why this development must be taken seriously.

WHY IS THE RETURN DATE IMPORTANT?

The provisional liquidation orders were granted on 7 May 2026. The initial return date of 18 June was thereafter postponed after the newly appointed Business Rescue Practitioners indicated that they would oppose final liquidation.

The current court date is therefore neither new nor unexpected. It has been fixed for some time.

Given the long history of this matter, an existing court date should not lightly be surrendered in favour of a further process whose duration and outcome are presently unknown.

WHAT DOES THE NEW APPLICATION SEEK TO ACHIEVE?

The groups are conducting separate proceedings in Pretoria, principally against Zephan. They seek to have that matter transferred to Bloemfontein and thereafter potentially consolidated with the existing liquidation proceedings.

If the return dates are postponed, the Pretoria transfer application must first be heard and determined. If successful, the matter must be transferred to Bloemfontein, after which a further consolidation application is contemplated. Only thereafter could the proposed consolidated proceedings potentially be enrolled for hearing.

None of these further steps is presently assured. The transfer application is opposed, consolidation has not yet been granted, and there is no fixed date upon which the existing liquidation applications will ultimately be determined. There is also a real possibility that incorporating the much broader Pretoria proceedings may complicate and delay the existing liquidations rather than expedite them.

SERIOUS ALLEGATIONS

The founding affidavit contains serious allegations concerning, amongst other things, the business rescue process, Maleficent 27, financial books and records, commercial properties, the pooling of certain creditors and claims, and the alleged inability to account properly for approximately R4.3 billion.

These are serious matters which warrant proper investigation. The question, however, is whether their seriousness provides a reason to delay final liquidation further, or instead demonstrates why an independent liquidation process should proceed without further avoidable delay.

If substantial sums of money require investigation, books and records are missing, or transactions and claims require further scrutiny, these are precisely matters capable of investigation by independent liquidators within the statutory liquidation process.

Further delay may itself make such investigations more difficult as documents become harder to trace, knowledge is lost and potential recoveries become more difficult with the passage of time.

ORTHOTOUCH

There is also an important distinction between Zephan and Orthotouch.

According to the applicants' own papers, they do not contend that they are creditors of Orthotouch and the Pretoria proceedings are principally directed at Zephan.

Nevertheless, they now seek a further extension of the provisional liquidation order against Orthotouch as well.

The question therefore arises why Orthotouch's existing liquidation process should necessarily be delayed while the separate Pretoria proceedings take their course.

THE HSAG'S POSITION

The HSAG does not regard other Highveld investors as opponents merely because they pursue a different legal process. They too have suffered losses and are entitled to place their case before the Court.

But the HSAG has a responsibility towards its members and cannot ignore the consequences of further delay.

After years of litigation, the present return date represents an important opportunity to move the process closer to finality.

The HSAG's position is therefore clear:

The return date must be protected unless good and legally sufficient reasons exist why further delay would genuinely serve the interests of the general body of creditors.

WHAT HAPPENS NOW?

The existing return date remains 3 September 2026.

The new application has not cancelled it. The provisional liquidation orders remain in place and no further postponement has yet been granted.

The HSAG management and legal team are urgently considering the new application and will determine the position to be placed before the Court. Ultimately, the Court will decide.

After all these years, however, the objective remains the same:

Finality must be achieved.

Unnecessary delay must be avoided.

The return date matters - and must be protected.

Our strength remains in our unity.

HSAG NEWSFLASH AUGUST 2026.6

UNLESS SOMEONE DOES SOMETHING, EVERYTHING WILL REMAIN THE SAME

Dear HSAG Member

31 AUGUST 2026 – THE NEXT AD HOC CUT-OFF DATE

INTRODUCTION

The HSAG's journey has been anything but simple. It has been marked by legal and procedural obstacles repeatedly placed in our path, delaying, complicating or threatening the process.

The latest application by another group of investors seeking a further postponement of the existing liquidation proceedings is a good example of the kind of unexpected legal and procedural development to which the HSAG must repeatedly respond as a matter of urgency. As explained in our previous Newsflash, this new process requires immediate attention from the legal team and inevitably gives rise to further substantial work and legal costs. It illustrates why the HSAG must continuously have sufficient support and resources available to protect the interests of its members properly when new developments arise.

Whenever such a new obstacle arises, action is required. We cannot ignore it and hope that it will disappear by itself. Unless we act proactively, there is a risk that our case may be delayed, weakened or ultimately fail.

That is why the cooperation and support of our members remain so important.

The next ad hoc cut-off date of 31 August 2026 is therefore a double-edged sword. On the one hand, we must establish who is genuinely prepared to continue the journey. On the other, a smaller support base means that the burden falls more heavily on the loyal members who continue to carry the process.

The larger the group that stands together, the more widely that burden can be shared.

Urgent decisions about the next phase must now be taken.

UNLESS...

A recent daily reading referred to the well-known message from Dr. Seuss's *The Lorax*. After almost everything has been lost, one important word remains:

"UNLESS."

The message is simple: nothing changes by itself.

It also describes the HSAG's experience. Rights on paper mean little if nobody is prepared to enforce them. When a new application is launched, a court date is threatened or further legal proceedings arise, someone must respond.

Unless someone does something, the existing position simply continues.

CAN WE GUARANTEE SUCCESS?

Of course not.

No responsible legal team can guarantee the outcome of complex litigation. The ultimate decision rests with the Court and legal proceedings can take unexpected turns.

But there is an important difference between:

"Can you guarantee that we will succeed?"

and:

"What happens if nobody does anything?"

The answer to the second question is simpler: without action, very little changes.

Hope matters, but hope alone does not prepare court applications, examine documents, present legal arguments or meet the costs of complex litigation.

Hope must be supported by action.

31 AUGUST: THE DOUBLE-EDGED SWORD

The cut-off date is necessary because Management must know who remains part of the group wishing to undertake the next phase.

If the support base becomes smaller, however, the work and costs do not disappear with it. On the contrary, unexpected new proceedings — such as the present application for a further postponement — can generate substantial additional work and legal costs within a very short period.

Those costs must still be carried.

The smaller the group supporting the process, the greater the relative burden on the members who remain. The opposite is equally important: the larger the group that stands together and contributes its fair share, the more widely the burden can be shared.

That is why every member's participation matters.

WHAT SHOULD MEMBERS DO NOW?

After the cut-off date, Management must have a clear understanding not only of the number of members who intend to continue, but also of the overall composition and investment profile of the participating group. This is necessary to assess the practical and economic considerations affecting continued participation, the resources likely to remain available, and the future commitments that can responsibly be undertaken.

We recognise that members' circumstances differ. Where a problem or uncertainty exists, communication is therefore important.

If you wish to remain part of the HSAG, make sure that your status is clear before 31 August.

If you are uncertain about your account, contact the office. If your contributions are outstanding and you wish to regularise your position, do so in time.

CLOSING THOUGHT

The HSAG cannot determine what new obstacle may be placed in its path tomorrow. Nor can we guarantee the outcome of litigation.

But we can determine how we respond.

That is what the HSAG has always sought to do: not merely wait and hope that somebody else will solve the problem, but proactively use the legal remedies available to protect the case and pursue answers, accountability and ultimately finality.

Each of us must now decide whether we wish to continue the next part of the journey together.

Unless we do something, nothing will change.

Our strength remains in our unity.

IMPORTANT: USE THE CORRECT ACCOUNT NUMBERS AND REFERENCES

Requisitions must be paid by members into the correct accounts, with the correct reference number clearly indicated. The time, effort, and administration required by the HSAG's legal team to trace and correct incorrectly allocated payments unnecessarily increase the cost of the HSAG matter.

Account numbers and references are reflected on every statement. Members are therefore requested to check their statements carefully when making payments.

IMPORTANT: USE THE CORRECT EMAIL ADDRESSES

The correct use of email addresses, as set out on our website and in our correspondence, as well as the inclusion of HSAG members' initials and surnames, syndication numbers, and applicable reference numbers, such as identity numbers, is essential for all communications.

Failure to use the correct details may result in unnecessary delays and may cause an enquiry not to receive prompt or proper attention.

The official and current email addresses for the HSAG are:

- hsactiongroup@gmail.com - for all general enquiries, for example changes to contact details, proof of payments, the death of a member, payments incorrectly made to the HSAG, and incorrect references;
- hsagenquiries@gmail.com - for specific enquiries, for example requests for information or statements relating to a specific member, as well as exemption enquiries;
- hsagregister@gmail.com - for the registration and deregistration of HSAG members;
- hsagwhistle@gmail.com - for all confidential information that you wish to submit anonymously; and
- hsagestates@gmail.com - for all estate-related enquiries.

The official and current email addresses for CCAF, the HS21 and HS22 Certified Class Action, are:

- accounts@ccaf.co.za - for proof of payments and incorrect references on proof of payments;
- admin@ccaf.co.za - for the official request form to pay registration fees over six months and for payments incorrectly made to CCAF; and
- enquiries@ccaf.co.za - for all other CCAF questions and enquiries.

If an investor or any other person sends an email to the incorrect address, this may result in the email not receiving the necessary or prompt attention.

If you no longer wish to receive further emails, please notify us in writing.

IMPORTANT GENERAL TERMS AND CONDITIONS

The general and recurring terms, conditions, and other general information previously contained in the Newsletter are available on the HSAG website at www.hsaction.co.za.

Kind regards

HSAG Management Committee

Contact the HSAG and attorneys at:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com